
# KERKPLEIN IN DIE OU DAE

*Deur H. P. H. BEHRENS*



Bo: 'n Ou, saamgestelde foto van geboue op Kerkplein. Regs is die Ou Raadsaal, dan die Grand Hotel, en links die Tudorgebou

SEDERT die beskeie ontstaan van die stad Pretoria meer as 'n honderd jaar gelede is die historiese Kerkplein in die middestad ten nouste aan die groei en ontwikkeling van die stad verbonde. Deur die jare heen 'n vergaderplek vir godsdienstige byeenkomste, volksfeeste, staatkundige saamtrekke, sportbyeenkomste, militêre parades, hofsake en selfs vendusies, het die plein in die afgelope honderd jaar al vir talryke kleurryke gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gesorg.

Hier is Paul Kruger in 1883 vir die eerste keer as President van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) ingesweer. Hier is ook die eerste President van 'n verenigde Republiek van Suid-Afrika, Charles Robberts Swart, 78 jaar later op 31 Mei 1961 ingesweer. Hier is die saamtrekke gehou toe die ou Zuid-Afrikaansche Republiek sy vryheid moes prysgee en hier is daar gejuig toe hy weer sy vryheid herwin het.

Met die oorspronklike opmeting van die dorp, nadat goedkeuring vir die stigting daarvan in 1855 verkry is, is 'n groot plein in die middelpunt van sy uitleg oopgelaat. Later is dit deur die stigter en eerste eienaar van die dorpsgebied, pres. Marthinus Wessel Pretorius, aan die kerk geskenk. Toe daar nog slegs 'n handjievol huise in die dorp was, het die eerste pioniers reeds 'n kerk begin bou. Vroeg in 1857 is dit onder blyke van groot belangstelling gedurende 'n driedaagse viering ingewy.

Terwyl die dorp in die daaropvolgende tien jaar stadig maar seker begin groei het, het Kerkplein ook geleidelik ontwikkel. Winkels, 'n pastorie en woonhuise het rondom hom begin verrys en weldra, aan die suidekant, ook die eertydse Goewermentsgebou — 'n langwerpige grasdakgebou wat baie jare lank as die sentrale regeringsgebou en vergaderplek van die Volksraad gedien het.

Met verloop van tyd het Kerkplein die middelpunt van die hele Transvaalse Republiek se bedrywighede geword. Nagmaaltye was dit die uitspanplek vir almal wat van heinde en verre kerk toe gekom en hul waens en tente om die kerk geskaar het. Op weeksdae het boere wat sake in die dorp wou doen, daar uitgespan. Die suidwestelike deel was 'n mark waar vendusies gehou en produkte uit die hand verkoop is.

Die plein is ook as Pretoria se eerste sportveld gebruik. Terwyl gewigtige sake op 'n dag deur die Volksraad bespreek is, is die vergadering onderbreek deur 'n krieketbal wat dwarsdeur een van die vergadersaal se vensters geslaan is.

Die aankoms van die weeklikse pos het ook altyd groot skares na die plein gelok, want mense het reeds vroegtydig saamgedrom om die poskar in te wag.

Weldra was die eerste kerk te klein en moes 'n groter een gebou word. In die sestigerjare van die vorige eeu is dit met 'n groter kerk vervang. Die plein self het egter onveranderd gebly. In nat weer was dit modderig, en in droë weer het die stofwolke daarop uitgeslaan.



Die ou Trappegewelkerkie wat aan Kerkplein sy naam gegee het. Die toneel toon Nagmaal soos dit in vervloë dae gehou is

Kerkplein was egter nie altyd 'n vergaderplek vir vreugdevolle geleenthede nie. Vir die burgers was dit 'n droewige dag toe die Union Jack in Mei 1877 deur sir Theophilus Shepstone op die plein gehys is nadat die Transvaal deur Brittanje geannekseer is, en Britse troepe 'n wapenskou voor die Goewermentsgebou gehou het.

In 1881 het die Republiek sy vryheid herwin. Die volgende jaar het die kerk op die plein afgebrand. 'n Nuwe en ruimer kerk, wat baie jare lank die Republiek se mees indrukwekkende gebou was, is opgerig.

Op staatkundige gebied het die Republiek ook 'n nuwe tydperk betree. Een van die belangrikste gebeurtenisse was die eerste Presidentsverkiesing ná die Eerste Vryheidsoorlog. In Mei 1883 is Paul Kruger vir die eerste keer tot Staatspresident verkies. Die seremonie het op 'n klein platform voor die stoep van die Goewermentsgebou plaasgevind.

Dit het 'n tydperk ingelui wat tot aan die einde van die vorige eeu sou duur en waartydens Paul Kruger vier keer tot Staatspresident verkies sou word. Telkens het sy inswering op Kerkplein plaasgevind.

Dit het ook een keer gebeur dat 'n groot skare op die plein saamgedrom het gedurende die verhoor van die bekende digter Eugène Marais (destyds redakteur van die koerant *Land en Volk*) op aanklag van bewerings rakende verdedigingsaangeleenthede. Marais is vrygespreek en daar was groot vreugde op die plein.

Met pres. Kruger se tweede inswering op Kerkplein op 8 Mei 1888 is kleurryke versierings aangebring. In geskiedenisboeke word dit as 'n „lewendige skouspel" beskryf. Ná afloop van die plegtige insweringseremonie, toe die President die plein reeds verlaat het, is daar groot jolyt gehou en het „sommige soveel gedrink dat hulle alles behalwe nugter was".

Die volgende jaar is die ou Goewermentsgebou en 'n aangrensende herberg gesloop om vir die tweede regeringsgebou plek te maak. Die Ou Raadsaal, soos dit nou nog bekend staan,



soos hulle destyds daar uitgesien het.

Onder, regs: In die agtergrond is die tweede, groter kerk in die Gotiese styl te sien. Op Kerkplein is eertyds ook handel gedrywe



Die plein was nog altyd 'n ideale plek vir massabyeenkomste. In die ou dae is die Grand Hotel (links) dikwels druk besoek



Onder: Trems het tot onlangs toe nog óm die plein geloop



was swierig en modern vir sy tyd en het die Republiek se materiële vooruitgang weerspieël.

Volksbyeenkomste op die plein het voortgeduur, maar op die staatkundige horison het die onweerswolke al hoe donkerder saamgepak. Tog is daar met die bouwerk aan die Paleis van Justisie voortgegaan. Op die plein is daar ten weste van die kerk 'n voetstuk vir 'n standbeeld van die President opgerig. Net ná die voltooiing van die Paleis van Justisie en voor die aankoms van die standbeeld het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek.

Op die aand van 29 Mei 1900 het pres. Kruger vir die laaste keer oor die plein gery op pad na die spoorwegstasie, met sy laaste vertrek uit die hoofstad voordat dit op 5 Junie 1900 deur Britse troepe beset is. So het die eerste republikeinse tydperk in Pretoria ten einde geloop.

In Desember 1904, toe pres. Kruger begrawe is, het 'n groot skare weer op Kerkplein saamgedrom om die laaste hulde aan 'n geliefde staatshoof te bring. In daardie jare was die plein 'n kaal stuk grond omdat die kerk gesloop is nadat die Regering dit aangekoop het. Sy huidige voorkoms het hy in 1912 gekry as gevolg van 'n prys vir sy uitleg.

Die afgelope dekades het talle massa-byeenkomste van uiteenlopende aard op die plein plaasgevind. In Oktober 1954 is die stemming wat in vervloë dae geheers het, herskep toe die standbeeld van wyle pres. Kruger in die middel van die plein geplaas is. Op die ruim grasperke het duisende Suid-Afrikaners uit alle dele van die land op 31 Mei 1961 saamgedrom om die inswering van die eerste President van die Republiek van Suid-Afrika op dieselfde geskiedkundige plek by te woon.

Elke dag gaan die lewe op die plein sy gang terwyl die horlosie in die toring van die Ou Raadsaal die ure wegtik. Bedags beweeg duisende voete in al vier rigtings oor die plein in die uitvoering van hul dagtaak. In die etensuur geniet werkers 'n toebroodjiemaal op die grasperke. By stalletjies raak Indiërblomverkopers van hul kleurvolle bosse ontslae. Hier en daar drom groepies mense af en toe om 'n straatprediker saam. En óm die plein, slagaar van die stad se verkeer, pols die lewe van Pretoria voort.

***